

SKETS- OF TEKENKUNS

TEMA: EMOSIE

SKETSMEDIUM

Swart *Bic*-balpuntpen (enige dikte)

ONDERWERP

Enige onderwerp wat 'n spesifieke emosie by die waarnemer laat opkom. Dit laat met opset baie vryheid vir uitdrukking of uitbeelding omdat die balpuntpen in vele opsigte 'n enkelvoudige instrument is en amper uitsluitlik op lynwerk en tegniek gaan staatmaak om die emosie saam met die onderwerp vas te vang.

Die uitdaging vir hoë punte sou wees om die emosie van byvoorbeeld *opgewondenheid* of *vrees* by die waarnemer te ontlok sonder om 'n hond te skets met sy stert wat swaai of een met sy stert tussen sy bene. Dink meer oor, hoe 'n mooi angelier jou laat voel, of 'n ou, stukkende skuit op 'n leë strand, ens.

GROOTTE

A4 (montering ingesluit mag nie 40 cm x 31 cm oorskry nie)

PENNE

Werk SLEGS met 'n SWART *B/C*-BALPUNTPEN.

OPPERVLAK

Wit *Fabriano* sketspapier (A4) van ten minste 200gm (met of sonder tekstuur).

AANBIEDING

Merk die artikel as volg, aan die agterkant, in 'n toegeplakte koevert: **BALPUNTPENSKETS, jou naam, tak en area.**

Verpak in 'n A3-grootte borrelplastiekkoever met dik, harde A3-grootte karton agter die skets vir beskerming.

Vermy die gebruik van kleeflint; alternatiewelik, beperk dit tot een klein stukkie om die koevert toe te hou.

PUNTETOEKENNING

Oorspronklikheid met betrekking tot die TEMA en sukses met die vertolking van emosie:

50%

Aanwending van balpuntpen in soveel as moontlik verskillende tegnieke: 40%

Netheid van verpakking en volg van instruksies: 10%

Ander penne gebruik (bv. *Fineliner, Koki, Gel*, kleur): Diskwalifiseer

Opgestel deur: Jacobus Silwer

SKETCHING OR DRAWING**THEME: EMOTION****SKETCH MEDIUM****Black *Bic* ballpoint pen (any tip size)****TOPIC**

Any topic that evokes a specific emotion in the observer. This intentionally leaves much freedom for expression or portrayal because the ballpoint pen is, in many ways, a singular instrument and will rely almost exclusively on line work and technique to capture the emotion along with the topic.

The challenge for higher marks would be to evoke the emotion of, say, excitement or fear in the observer without sketching a dog with its tail wagging or one with its tail between its legs. Think more about, how a beautiful carnation makes you feel, or an old, broken boat on an empty beach, etc.

SIZE**A4 (including assembly must not exceed 40cm x 31cm)****PENS****Work ONLY with a BLACK *B/C* BALLPOINT PEN.****SURFACE****White *Fabriano* sketch paper (A4) of at least 200gm (with or without texture).****PRESENTATION**

Mark the article in a glued envelope as follows: **BALLPOINT PEN SKETCH**, your name, branch and area.

Packaged in an A3-size bubble wrap envelope with thick, hard A3-sized cardboard behind the sketch for protection.

Avoid using adhesive tape; alternatively, limit it to one small piece to keep the envelope closed.

MARK ALLOCATION

Originality regarding the **THEME** and success in bringing out the emotion: 50%

Application of ballpoint pen in as many different techniques as possible: 40%

Cleanliness of packaging and following instructions: 10%

Other pens used (e.g., *Fineliner*, *Koki*, *Gel*, colour): Disqualify

Prepared by: Jacobus Silwer